

## Baklei in die groentewinkel

Een aand toe die groentewinkel vir die aand gesluit is, begin daar 'n stryery onder die klomp groente.

"Ek is tog die beste groentesoort," spog die pampoen. "Ek gee vir kinders krulhare en rooi wang."

"Wat help krulhare as jy nie kan sien nie?" vra die wortels. "Ons sorg vir goeie oë."

"O nee, ons is die beste," sê die spinasie. "Kyk dan net hoe sterk maak spinasie vir Popeye. Spinasie is vol yster!"



"Ag nee, wie kan miskien aan 'n bord kos dink sonder 'n lekker gebakte aartappel?" kom 'n stem uit die aartappelsak. "Ek het nog nooit gehoor van iemand wat kan kosmaak sonder 'n ui nie," spog die uie.

"Kool is die beste. Kool kan gekook, gebraai en in bredies gebruik word," kom 'n diep stem uit 'n rak. "My familie, blomkool en brokkoli, is net so heerlik," spog die kool. "Ja, met witsous of kaassous, hmmmm.....," antwoord die blomkool.

Al die groente het nou iets te sê. Die stryery raak net al hoe harder. Die blaarslaai en komkommer vertel nou hoe belangrik hulle is, want 'n mens kan nie slaai maak sonder hulle nie.

Die patat dink 'n rukkie en sê: "Ag nee julle, kom ons hou op om so te baklei. Dit maak nie regtig saak hoe belangrik elkeen dink hy is nie. Ons almal dra by om mense gesond te hou. Ons is vol vitamiene!"

"Ja, vitamiene, vitamiene!" skree almal saam.



## Beantwoord die volgende vrae in volsinne

1. Waar het die stryery plaasgevin?
2. Wie het die stryery begin?
3. Hoekom het spinasie gedink hy is die belangrikste?
4. Watter twee soorte groente het gesê mense kan nie sonder hulle slaai maak nie?  
**komkommer en kool OF komkommer en blaarslaai**
5. Wie wou vrede maak?
6. Het hy dit reggekry om almal te laat bedaar?
7. Hoekom dink jy, sê die blomkool "hmmmmmm..."?
8. Hoekom is alle soorte groente so belangrik?
9. Som die die storie in drie sinne op.

## Taalleer

1. Skryf drie saamgestelde woord uit die leesstuk neer.  
bv groente+winkel = groentewinkel
2. Skryf die volgende woorde in lettergrepe.  
aartappelsak, spinasie, belangrik, familie
3. Wat is die trappe van vergelyking van die volgende woorde:
  - hard
  - sterk
  - diep
4. Watter woorde is nie 'n selfstandige naamwoord nie?
  - aartappel, patat, skree, groentewinkel
  - kaassous, familie, slaai, gekook
5. Skryf die volgende woorde in alfabetiese volgorde.
  - komkommer, blaarslaai, uie, spinasie, blomkool, aartappel